



Leer in hierdie les om die sakdoekrandjies (voor) te klos. Die patroon vir die agterste kantlappie volg in les 6.

BEKOOORLIKE KLOSKANT (5)

As jy getrou meegedoen het aan les 1 tot 4 van ons kloskantreeks, sal jy sonder veel moeite die aanwysings in les 5 vir die maak van spinnerakfyn sakdoekrandjies kan volg

ROOI ROSE se kloskantreeks word deur mevv. Ine Meereboer en Marie Potgieter saamgestel en alle navrae met betrekking tot die reeks moet aan hulle gerig word by die volgende adresse: Mev. Ine Meereboer, Dovestraat 33, Horisonpark, Roodepoort, 1724, tel. (011) 763-3175 of mev. Marie Potgieter, Kilburnstraat 105, Horison, Roodepoort, 1724, tel. (011) 760-1429.

KLOSKANTTERME

Kruis (cross) – linkerklossie oor regterklossie

Draai (twist) – regterklossie oor linkerklossie

Linnesteek (whole stitch) – kruis; draai; kruis

Dubbele halwe steek (whole stitch; twist) – kruis; draai; kruis; draai

Halwe steek (half stitch) – kruis; draai

Torchon – 1e grondsteek (ground stitch) – kruis; draai; speld; kruis; draai

Torchon – 2e grondsteek (ground stitch) – kruis; draai; speld; kruis; draai; DRAAI

BLAAI OM

KLOSKANT

VAN BLADSY 85

LES 5: SAKDOEKRANDJIE

BENODIGDHEDE: Katoengare – D.M.C., Zwicky of Coats nr. 30
11 pare klossies met 4 m gare per paar (2 m per klossie)

1 paar klossies met 10 m gare (5 m per klossie)

Patroon wat op dun karton geplak is

STEKE: Grondsteek – halwe steek plus ekstra draai tussen spelde; kruis; draai; speld; kruis; draai; draai.

Waaier en driehoek: linnesteek – kruis; draai; kruis.

Stap 1:

Hang 2 pare om kopspeid A en 1 paar elk om kopspeid B tot G; draai al die pare 1 keer. Hang 3 pare klossies plus 1 weefpaar om kopspeid 15, met die weefpaar heel links; moenie hierdie pare draai nie.

SELFKANT: dit is die reguit kant wat aan die materiaal vasgewerk word. Die selfkant in dié patroon word altyd met die 3e paar van die regterkant af begin. Werk eers na die selfkant toe en dan na die grond toe.

Stap 2

Met die paar van punt B as weefpaar, werk deur albei pare van punt A in dubbele halwe steek. Gee die weefpaar 'n ekstra draai en laat dit regs op die kussing lê tot later. Steek kopspeid 1 in tussen die 2 pare van punt A (die 2 pare aan die regterkant van die kopspeid). Maak die dubbele halwe steek met dieselfde pare om die kopspeid toe te maak.

Stap 3

Die grond word van regs bo skuins na links onder geklos. Met die 3e paar van regs af en die paar van C doen die volgende: kruis; draai; speld op punt 2; kruis; draai; draai. Haal die opstelkopspeid A, B en C uit en trek die spanning reg.

Stap 4

Met die linkerkantste paar van punt 2 en die paar van punt D doen die volgende: kruis; draai; speld op punt 3; kruis; draai; draai. Haal kopspeid D uit en trek die drade styf.

Stap 5

Selfkant: met die 3e paar van die regterkant, werk na regs deur die laaste 2 pare met die dubbele halwe steek. Gee die laaste paar 'n ekstra draai en laat lê op die kussing. Steek kopspeid 4 tussen die ander 2 pare in op punt 4. Klos die dubbele halwe steek met dieselfde pare om die kopspeid toe te maak.

Stap 6

Grond: met die 3e paar van regs af en die paar van punt 3 doen die volgende: kruis; draai; speld op punt 5; kruis; draai; draai.

Stap 7

Selfkant: met die 3e paar van regs af, werk die dubbele halwe steek deur die laaste 2 pare. Draai die laaste paar nog 'n keer en laat op die kussing lê. Steek

kopspeid 6 tussen die ander 2 pare in. Klos dan die dubbele halwe steek met dieselfde 2 pare om die kopspeid toe te maak.

Stap 8

Linnedriehoek: draai die paar klossies op punt E 2 keer en gebruik dit as weefpaar. Werk die linnesteek met die paar van punt 3. Draai die weefpaar 2 keer en steek die kopspeid in op punt 7. Doen die linnesteek na punt 8 toe. Werk deur die paar van punt 5 voordat kopspeid 8 ingestek word. Haal kopspeid E uit en trek die spanning van die passiewe drade reg. Werk verder in linnesteek en neem pare in op punt 9, 10 en 11. Trek kopspeid F en G uit en trek die spanning reg. Werk 1 paar minder op punt 10, 11, 12 en 13 voordat die kopspeid ingestek word. Maak kopspeid 14 toe deur met die weefpaar en die paar net links van kopspeid 14 linnesteek te klos, plus 1 draai.

Inneem van pare: neem eers 'n paar in en steek dan die kopspeid in.

Uitgooi van pare: werk 1 paar minder by die speldpunt en steek dan die kopspeid in.

Stap 9

Waaier: hang 3 pare om punt 15, asook 1 weefpaar wat heel links van punt 15 hang.

Versiering aan die kroon van die waaier:

Begin van die ry – Die weefpaar en die 1e paar is 1 keer gedraai. Klos dubbele halwe steek met die 1e paar (kruis; draai; kruis; draai). Werk die res van die pare in linnesteek (kruis; draai; kruis). Gee die weefpaar 'n ekstra draai en steek die kopspeid in. Einde van die ry – Klos die linnesteek terug tot voor die laaste paar. Draai die weefpaar 1 keer en werk dan die dubbele halwe steek met die laaste paar.

Stap 10

Werk linnesteek tot by punt 16; werk ook deur die paar van punt 11. Draai die weefpaar 2 keer en steek die kopspeid in op punt 16. Let wel: die pare wat ingeneem word na die waaier moet 2 keer gedraai wees. Na die pare uitgehaal word, word hulle ook 2 keer gedraai.

Stap 11

Werk terug na punt 17 tot net voor die

Foto 1



Foto 2



Foto 3




Foto 8




Foto 9



Foto 10




Foto 15



Foto 16




Foto 17



laaste paar. Draai die weefpaar en die laaste paar 1 keer en klos dan die dubbele halwe steek om die versiering te maak. Gee die weefpaar 'n ekstra draai en steek die kopseld in op punt 17.

Stap 12

Werk die dubbele halwe steek met die 1e paar en werk dan verder in linnesteek, ook deur die paar van punt 13. Draai die weefpaar 2 keer en steek die kopseld in op punt 18.

Neem pare in op punt 16, 18 en 20. Gooi pare uit op punt 20, 22 en 24.

Stap 13

Werk tot en met punt 25. Die kopseld word nie toegemaak nie. Los die weefpaar heel links op die kussing.

Stap 14

Begin nou weer by punt 1 van die diagram werk. Die drade waarmee die selfkant, grond en vierkant gewerk word, word benodig om die waaier te klos.

Waaier 2 word soos waaier 1 vanaf stap 10 geklos.

Stap 15 (Foto 1-21)

Hoek: werk al die speldpunte bokant die skuinslyn.

Stap 16

Waaier: die weefpaar word nie gedraai vir die versiering in die hoek tussen die 2 waaiers nie. Werk die linnesteek deur 3 pare na punt X; draai die weefpaar 2 keer; steek die kopseld in op punt X. Werk die linnesteek deur 3 pare na punt 1; draai die weefpaar 2 keer; steek die kopseld in op punt 1. Laat die weefpaar aan die linkerkant van die kopseld lê.

Stap 17

Selfkant: met die paar van punt 10, werk selfkant na punt Z toe. Draai die kussing sodat die ander kant van die hoek geklos kan word. Maak die waaier klaar. Neem 'n paar van punt 24 in op punt 2, van punt 22 op punt 4 en van punt 20 op punt 6. Werk 1 paar minder op punt 6, 8 en 10.

Stap 18

Linnedriehoek: begin pare van punt 6 en 14 in linnesteek klos. Draai die weefpaar 2 keer en steek die kopseld in op punt 12. Neem 'n paar in op punt 13 en 14. Neem 'n paar in van punt Z en steek die kopseld in op punt 15. Neem 'n paar in op punt 16. Werk 1 paar minder

op punt 15, 16, 17 en 18.

Stap 19

Werk die waaier van punt 11 tot punt 29.

Werk die selfkant punt 30, begin met die paar van punt 15.

Werk grond punt 31 en 32.

Werk selfkant punt 33.

Werk grond punt 34.

Werk selfkant punt 35.

Werk driehoek vanaf punt 36.

Begin dan weer by die waaier.

Werk so voort om al die hoeke tot by die beginpunt.

Al die pare is 1 keer gedraai behalwe die pare aan die einde van die waaier.

Stap 20

Afeindiging: klos die patroon totdat dit presies by die begin van die sakdoekrandjie pas. Las eers die selfkant. Verwyder die 1e kopseld aan die regterkant van die begin van die patroon. Steek 'n dun hekelnaald deur die lus en trek 1 van die drade van die paar aan die regterkant van die einde van die patroon deur sodat dit 'n lus vorm. Steek die ander klossie van die paar deur die

NA BLADSY 90

Foto 4




Foto 5




Foto 6




Foto 7



Foto 11



Foto 12




Foto 13




Foto 14



Foto 18




Foto 19




Foto 20




Foto 21



KLOSKANT


Vervolg van bl. 87

lus. Trek die paar styf en knoop af met 'n plat knoop. Haak nou aan die kroonkant (waaier) weer 'n draad deur die beginpunt van die kant en knoop. Haak daarna die drade tussen die selfkant en die kroonkant deur en knoop af. Laat ongeveer 15 cm draad toe en sny die klossies af. Haal die kopspelde uit en werk die los drade met 'n naald weg.

WENK

Indien drade te kort raak of breek, trek los tot by 'n speldpunt aan die kant. Dit is beter dat die las of omruiling van klossies by 'n speldpunt aan die kant plaasvind. Draai nuwe gare om die klossie en knoop die punt aan die punt van die kort draad. Draai die paar 2 keer. Haak nou die las om 'n kopspeld wat buite die patroon gestek is. Herlei die nuwe draad terug na die kopspeld op die patroon. Draai die pare weer en werk verder. Moet nooit in die middel van die werk drade las nie.

Indien 'n weefdraad breek, trek los tot by die kopspeld aan die kant. Ruil die weefpaar met die passiewe paar om. Kruis; draai; gee nog 'n ekstra draai en 'n kruis. Ruil dan die weefpaar met die passiewe paar om. Die ou passiewe paar sal dan verder dien as weefpaar. Las nou die nuwe passiewe klossie met die nuwe draad.



Revitanail

DAVON

VIR LANGER
STERKER NATUURLIKE NAELS



REVITANAIL
OPKNAPPENDE
NAELGROEIMIDDEL

Bevat vitamien A, E en D en 100% natuurlike organiese proteïene om jou lang, sterk, opwindende naels binne net 5-7 dae te gee.
BESKIKBAAR IN AANROLEN SPROEI



REVITANAIL
NAELVEL
ROOMOPKNAPPER

Versag, voed en versterk die naelvelbed en omringende vel. Gebruik ook om elmboë te versag.



Jy kan amper sien hoe hulle groei!

Revitanail beloof u perfekte, natuurlike naels... die heertyd

Handelsnavrae: Davon (Edms) Bpk.
Posbus 46162, Orange Grove 2119. Tel: (011) 609-7394.

REVITANAIL WIT
NAELPOTLOOD



Die nuwe revitanail wit naelpotlood sorg dat die punte van jou naels altyd netjies wit en skoon bly. Dis ideaal vir mense wat handewerk verrig: revitanail wit naelpotlood is maklik om te gebruik en is geskik vir mans en vroue wat graag hulle hande versorg.

NUUT!
Ons stel bekend



winter-
elmboë
benodig...

'n Suiwer, nie-verterige formule, Newton se dubbelryk Kokosbotter Winterformule- room, met Vitamien E, beloof 'n nuwe sagtheid aan wintervel. Streel dit elke dag aan om u vel te voed en te beskerm. Oral.



Ook beskikbaar ...
Kokosbotter en Koringkiem
Hand- en lyfmiddel.